
# Nog op die langpad

Jack Hammer is terug met mening – maar eintlik was hy nooit regtig weg nie. Hy ry nog heeltyd op die swart langpad met 'n vol tenk, donkerbril en verslete jannas – en bring vir jou 'n nuwe en donkerder album getiteld *Highway 13*. Carina Laubscher het met Piet Botha, hoofsanger van Jack Hammer, gesels.




**Jack Hammer is terug met 'n nuwe album, *Highway 13*.**

Foto: HEIN WASCHEFORT (VISUAL SKILLS SCHOOL)

Almal is daar – Piet Botha op stem, kitaar, orrel, klavier en mondfluitjie; die jong Johnathan Martin op stem, voorkitaar en tjello; Tertius du Plessis agter die groot diksnaar, en die enigmatiese Paul van de Waal op tromme.

Op Jack Hammer se nuwe album *Highway 13* word daar deur die nag gery en spookstories vertel, die langpad word jou tuiste, en jy kom sommer vinnig agter dat Jack Hammer omgekrap is oor sosiale ongeregtighede, die aarde se agteruitgang weens die mens se vooruitgang en nuwe drome wat wegwaai in die wind. *Highway 13* is 'n verpligte aankoop vir diegene wat verkies om flou melodieë en vrot lirieke te vermy.

**1. Hierdie is jou agtste Engelse album. Sal jy ooit weer as Piet Botha 'n Afrikaanse album skryf, of is Jack Hammer se stem die enigste een wat aanhangers van nou af gaan hoor?**

Man, ek is seker daar sal weer 'n Afrikaanse album kom, maar ek weet nie wanneer nie, die tyd is nie reg nie. Almal kan sien die Afrikaanse musiekbedryf word deur 'n ander soort energie beheer. Daar is geen plek vir ernstige musiek en behoorlike musikale reise nie. Dis op die oomblik soos 'n Ettienne Le Roux-roman – die surrealisme en die narsissisme vier hoogty. Maar die wiel sal weer draai en daar sal weer 'n oplewing van dieper kuns geskied. Ek weet net nie wanneer nie. Ek't eintlik gehoop die "plastiektyd" sou nou al oorgewaai het.

**2. Jy ry oor 'n paar dae, nes ongeveer 500 ander musiekliefhebbers en duikers, na die Strabrockfees in Ponta Malongane, Mosambiek. Is Strab jou jaarlikse wegkomkans uit die waansin van die stad en sy ryk farao's? Is *Pharaoh's Blues* vir jou die antitese van Mosambiek?**


Tans is die jaarlikse Strab-fees sekerlik die hoogtepunt in my lewe. Ons het so baie daar gekry in Mosambiek, baie energie en tunes, veral op The Pilgrim. Op die nuwe album is daar ook van daardie wysies en kleure en goeters. *Pharoah's Blues* gaan ook oor die vermaaklikheidswêreld en die valsheid wat jy daar aantref. Ja, Mosambiek is vir my so vol hartseer en vreugde en onskuld en ek weet nie hoekom nie.

**3. Jack Hammer se werk is onbeskaamd anti-hoofstroom. Tog is daar minstens drie snitte op *Highway 13* wat, indien dit meer radiotyd kon geniet, beslis 'n nuwe massa luisteraars sou bereik en dalk ook bekeer. Ek verwys spesifiek na *The Haunting*, *This song is old now* en die blitsige *Mr Midnight*. Koester jy nog hoop (soos meeste van die aanhangers) dat die magtige radio met hierdie album jou die erkenning kan gee wat jou na 'n musiekloopbaan van 20 jaar toekom?**

Man, as 'n mens eers musiek begin fabriseer om by die hedendaagse radioformaat in te pas, is jy gedoem as kunstenaar. Dit was maar altyd vir ons moeilik om behoorlike lugtyd in Suid-Afrika te kry. By tye het ons goeie lugtyd gehad op Radio 2000, maar almal weet wat nou daar gebeur het! Deur die jare was daar oplewings wat radio betref, maar dis nou seker donkerder as ooit vir regte musiek, ek bedoel goeie oorspronklike soul-musiek, van watter genre ook al. Dis baie hartseer wat in ons land gebeur het met radio, maar omtrent dieselfde as in die VSA net 'n paar jaar later. Alles word net so verskriklik kommersieel, dis obseen. Net soos die groot platemaatskappye van weleer wat nou 'n stadige maar gewisse dood sterf, sal hierdie tyd van plastiekradio ook verbygaan en die internet sal nuwe dinge teweeg bring, nuwe maniere om musiek te versprei, baie goedkoper as die ou model, meer oop en eerlik, op 'n gelyke speelvlak.

**4. Waar is Highway 13?**

Dis in jou herinneringe, dis jou lewenspad met al sy kinkels en verkeerde afdraaie, sonskyn en donkerte. Dis ook die plek waarheen jy op pad is, die volgende gig, Gert Vlok Nel se straatadres. Dis die pad na die maan, jou verbeelding en miskien selfs die "expanding universe".



**Piet Botha**

**5. Die musikant se eindelose liefde-haatverhouding met die langpad wat jy in hierdie nuwe album beklemtoon, geld dit alle musiekmakers? Sou jy die snitte *Highway 13*, *Rearview Mirror* en *Stay at the Wheel* as vriendelike vermanings aan opkomende musikante kon beskou?**

Dit het heel onbewustelik gebeur, maar miskien is dit 'n soort sein. Baie mense se drome word verwoes in die vermaaklikheidsbedryf. Baie jong kunstenaars met integriteit kry nooit behoorlike kanse nie en dié wat deurdruk is 'n handjievol, dié wat nie uitverkoop nie. Plastiekmakers sal nooit die "road" se misterie en voedingsbron ervaar nie. Vir hulle is dit net: afstand X tyd X geldpondtien = sukses, of so 'n sinnelose formule. Jy moet ook swaarkry op die pad, anders sal jy nooit die skatte ontdek wat anderkant die middernag lê en wag nie.

**6. In *Jozi Town* doen jy weer 'n liedjie saam met die manne van Tidal Waves. Jy skep 'n joviale rastaritme maar met 'n somber ondertoon – julle sing oor vlugtelinge uit Zimbabwe. Mense wat hoop in 'n buurland kom soek. Dooie mense in donker mynskagte. Honger en armoede, xenofobie. Is jy 'n profeet, Piet?**

Ek is so 'n titel nie waardig nie, maar dit het al vantevore gebeur – dinge wat in liedjies beskryf word, gebeur dan heelwat later, maar dis miskien meer 'n intensivering van 'n fenomeen. Die vlugtelingkwessie kom nou al 'n lang pad, dit het bloot nou ontplof. Met *G8* op *The Pilgrim* – wel, daar het dié goed ook gebeur. Op *Pharoah's Blues* is ook sulke goed. Ek weet nie, dis soms vir my ook vreemd. Ek wag nog om te sien waaroor *The Haunting* nou eintlik gaan.

■ *Highway 13* word op 30 Mei by die Strab-rockfees in Ponta Malongane, Mosambiek, bekend gestel en sal kort daarna op die rakke in musiekwinkels beskikbaar wees. Vir nadere besonderhede, stuur e-pos aan debbie@bluenotes.co.za.

## 'Battle at Kruger' nou dokkie

**Daniëlla du Plooy**

'n YouTube-videogreep van 'n onderonsie in die Krugerwildtuin en waarna daar meer as 30 miljoen keer gekyk is, is deur National Geographic tot dokumentêr ontwikkel.

Die "Battle at Kruger"-videogreep, wat aangewys is as YouTube se "beste ooggetuievideo", is onlangs op Amerikaanse televisie uitgesaai en sal na verwagting later vanjaar plaaslik uitgesaai word.

In dié video jaag 'n trop leeus 'n buffelkalf en dié val in 'n dam. 'n Krokodil probeer dan die kalfie by die leeus afneem, maar die leeus kry die kalf weer op droë grond. Die trop buffels oorval die leeus en red uiteindelik die kalfie.

Jason Schlosberg, 'n semiprofessionele fotograaf van Washington D.C., VSA, het in 2004 dié video met 'n mini-DVD-kamera opgeneem in die Krugerwildtuin. Hy wou die video aan TV-netwerke verkoop, maar nie die National Geographic Channel óf Animal Planet het belanggestel nie. Dit was eers nadat die video een van die gewildstes in YouTube se geskiedenis geword het, dat die aanbiedinge ingestroom het.

Die National Geographic Channel het toe die televisieregte vir *Battle at Kruger* gekoop en nou word die dramatiese tonele 'n volle uur lank ontleed en bespreek.

## Wen kaartjies vir 'Winnie The Pooh'

*Winnie The Pooh* is van 2 Junie tot 9 Augustus weer in die Peoples Theatre by die Stadskouburg in Braamfontein, Johannesburg om jong teatergangers te vermaak.

A.A. Milne het die Pooh-karakter al in 1923 geskep en sy verhale het nog nooit opgehou om die jongspan se verbeelding vas te vang nie. In hierdie produksie sal slim dekor, verbeeldingryke kostuums en hope interaksie sorg vir ekstra woema.

Daar is daagliks twee vertonings op verskillende tye van Maandag tot Saterdag. Kids Club-lede betaal R50 en diegene wat hulle vergesel R65. Nie-lede betaal R75 per kaartjie. Spesiale skoolvertonings is beskikbaar teen R40 per leerling.

Bespreking is noodsaaklik deur Computicket of by die teater by ☎ 011 403 1563.

■ Drie *Plus*-lesers kan elk 'n gesinskaartjie vir twee wen om die vertoning by te woon.

Antwoord die volgende vraag en e-pos dit voor vandag om 12:00 na plus@beeld.com. Skryf "Winnie" in die boodskapveld en maak seker jou inskrywing word vergesel van jou naam en kontaknommer. Slegs een inskrywing per leser.

**Vraag: Wie is die oorspronklike skrywer van *Winnie The Pooh*?**